higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N800**(A)**(M28)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE ENTREPRENEURSKAP N4

(4090294)

28 Mei 2019 (X-vraestel)
09:00–11:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE ENTREPRENEURSKAP N4
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: As jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal nagesien word. Haal ALLE werk wat jy NIE nagesien wil hê nie duidelik deur.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord slegs VIER vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. ALLE berekeninge moet tot TWEE desimale plekke afgerond word.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

GEVALLESTUDIE

Lees die volgende gevallestudie goed deur en beantwoord die vrae.

SUID-AFRIKAANSE ENTREPRENEURS DEEL HUL SUKSESSTORIES

Dit is 04:00 en terwyl haar kinders slaap, is Angel reeds wakker en besig om skons en koeke te bak terwyl die bief- en hoenderbredie op die stoof prut – wat alles deur haar ma, 49-jarige entrepreneur Mbali Luvuno, verkoop gaan word wanneer sy die familiewinkel om 08:00 oopsluit.

Die spysenerings- en wegneemete-onderneming, getiteld Mbali's Fast Food, is by 'n taxistaanplek in die Vosloorus-gemeenskap naby Johannesburg geleë. Hulle bied peuselhappies en tuisgemaakte middagetes aan taxibestuurders en pendelaars. Op 'n stadium het Mbali gesukkel en dit oorweeg om die winkel toe te maak toe sy nog nie verstaan het hoe om die pryse van items winsgewend te bepaal of tred te hou met die besigheid se rekords nie.

Dinge het verander toe sy genooi is om deel te neem aan 'n opleidingsintervensie in sakevaardighede wat deur 'n VN-vroueprogram aangebied word om vroue ekonomies te bemagtig. Die opleidingsintervensie is in vennootskap met die Coca-Cola-maatskappy aangebied as deel van die maatskappy se '5by20'-inisiatief om vroue by hul sakeketting te integreer. Sy het opleiding ontvang in optekening, die bestuur van inkomste en uitgawes, bemarking en mededinging. Mbali het nie net 'n suksesvoller sakevrou geword danksy die opleiding wat sy ontvang het nie; sy het ook haar selfvertroue teruggekry. Sy droom nou daarvan om 'n tweede winkel by 'n groter taxistaanplek oop te maak en haar eerste besigheid aan haar dogter te oorhandig.

VRAAG 1

1.1 Mbali bedryf haar besigheid in 'n vryemarkstelsel.

Noem enige DRIE kenmerke van 'n vryemarkstelsel. (3)

1.2 Bespreek kortliks VIER voordele van doeltreffende voorraadbestuur wat Mbali moet oorweeg wat 'n invloed op die wins van haar besigheid sal hê. (4)

1.3 Mbali wil graag 'n tweede winkel by 'n groter taxistaanplek oopmaak.

Noem ten minste SEWE faktore wat die ligging van haar besigheid sal beïnvloed. (7)

1.4 Wat is die verskil tussen die som van 470 en 275 en die produk van 45 en 5? (5)

1.5 Noem TWEE maniere waarop Mbali haar kreatiewe denke en intuïsie kan verbeter. (2)

1.6 As 'n entrepreneur sal Mbali betrokke wees by die vergoeding van die produksiefaktore. Noem die vergoeding vir elke faktor. (4)

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die belangrikheid van 'n sakeplan in Mbali se besigheid. (5)

2.2 Is Mbali 'n entrepreneur of 'n intrapreneur? Motiveer jou antwoord. (3)

2.3 Noem DRIE tipes sekuriteit wat Mbali kan bied om 'n lening by die bank te kry. (3)

2.4 Verduidelik kortliks aan Mbali hoe die lewensiklus van 'n produk haar besigheid kan beïnvloed. Jy mag 'n grafiek gebruik om hierdie vraag te beantwoord. (8)

2.5 Wat is die basiese inhoud van 'n finansiële plan? (6)
[25]

VRAAG 3

3.1 As 'n entrepreneur werk Mbali hard om die ekonomiese situasie in die land te verbeter.

Noem VIER voordele of nadele wat sy sal ervaar. (4)

3.2 Watter marknavorsingsmetodes sal Mbali gebruik om haar teikenmark te identifiseer? (2)

3.3 Mbali se assistent verdien R500,00 per week. Bereken hoeveel geld sy elke maand verdien. (3)

3.4 Mbali is bekommerd oor die beheer van kontant in haar besigheid.

Noem SES maniere waarop sy dit kan beheer. (6)

3.5 Noem VYF soorte korttermynkapitaal wat Mbali kan gebruik. (5)

3.6 Mbali's Fast Food is as 'n beslote korporasie geregistreer.

Noem ten minste VYF voordele van hierdie vorm van eienaarskap. (5)
[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Besighede word aan talle risiko's blootgestel.

Noem VIER soorte versekerbare risiko's wat in die sakewêreld teëgekom word. (4)

4.2 Verhoog R522,00 met 10%. (2)

4.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.3.1 Juweliersware is 'n voorbeeld van 'n kulturele behoefte.

4.3.2 Kos en drinkgoed is voorbeelde van duursame goedere.

4.3.3 Dienste is 'n tasbare voordeel van behoeftebevrediging.

4.3.4 Nywerheidsgoedere word gebruik om ander goedere te produseer.

4.3.5 Personeelvoorsiening is die vermoë om die regte mense vir die verskillende poste in 'n onderneming in diens te neem.

(5 × 1) (5)

4.4 Mbali tree as 'n werkgewer op wanneer sy werkers werf en in diens neem.

Beskryf VIER basiese take van 'n menslikehulpbron-praktisyn. (4)

4.5 Noem ten minste DRIE doelwitte van reklame. (3)

4.6 Mbali wil haar besigheid in 'n nasionale koerant adverteer.

Ontwerp 'n advertensie vir haar besigheid deur die AIDA-formule te gebruik. (5)

4.7 Noem TWEE redes waarom Mbali haar besigheid begin het. (2)

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Sam, een van Mbali se assistente, wil vanaf 12 Desember 2019 tot 16 Junie 2018 met vakansie gaan. Bereken die aantal dae wat hy met verlof sal wees. (3)

5.2 Gebruik 'n diagram en illustreer die SES basiese stappe in die sakesiklus van Mbali se onderneming. (6)

5.3 Mbali het 35 mans- en 10 vrouewerkers in diens.

Watter persentasie van die personeel bestaan uit vrouewerkers? (3)

5.4 Noem VYF redes waarom begrotings baie belangrik is in die bestuur van 'n klein onderneming. (5)

5.5 Mbali het vleis by 'n verskaffer in Johannesburg gekoop. Sy kan kontantafslag van 3,5% op haar rekening kry as sy dit binne sewe dae betaal. Die bedrag op die faktuur van haar aankope is R15 000.

Bereken die kontantbedrag betaalbaar as sy binne drie dae betaal. (5)

5.6 Noem DRIE maniere waarop Mbali haar idees kan beskerm. (3)

[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou